RUBRIEK: BRIEWE

Seun se gesig met bottel opgekerf

Die berig van Jeanne-Marie Versluis, Klubgaste se kostuums deurgesoek vir dwelms (3/11/03) verwys.

Terwyl amper al Bloemfontein se polisie dwelms soek word die res van Bloemfontein se mense in die strate beroof en gemoor en niemand doen iets daaromtrent nie, want die polisie soek dwelms.

Dwelms is net soos vigs, die mense wil nie hoor nie. Dis hoekom hulle verslaaf is en dis hoekom hulle vigs het.

Maar jy loop in die straat om by jou woonstel te kom en in die donker skuil die onheil. Jy ry in jou motor en by die verkeerslig wag die onheil. Niemand help jou nie, want as die sakkerollers kan steel en moor hoekom sal hulle werk? Hoekom sal hulle selfone koop? Hulle kry dit verniet en kom niks oor nie. Niemand kry hulle nie, hulle word beskerm. Die polisie is te besig met hulle ander take.

Ek wil vir die agt manne wat Saterdagaand voor korrektiewe dienste se kantore in Bloemfontein my seun se gesig met 'n bierbottel opgekerf het om sy selfoon te vat, sê: Ons kry julle nie nou nie. God gaan julle kry. Julle sal julle dag kry.

Mev. A. van der Merwe Hangerstraat, Bloemfontein